**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**(Derde Vraestel)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer én proeflees. Jy kan, byvoorbeeld ŉ kopkaart, ŉ vloeidiagram, ŉ diagram, sleutelwoorde, ensovoorts gebruik. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

5. Die beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Beplan jou skryfwerk soos volg:
   - Afdeling A: ±70 minute
   - Afdeling B: ±50 minute
   - Afdeling C. ±30 minute

7. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

8. Voorsien elke teks van ŉ gepaste titel/opskrif.

**LET WEL:**

- Die titel/opskrif word nie aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: **OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.

1.1

**Dit wat ek vandag is, het ek te danke aan . . .**

Dink aan die volgende:

- Wie is hierdie persoon?
- Hoe het die persoon jou lewe beïnvloed?
- Wat het die persoon alles vir jou gedoen?
- Hoe dankbaar is jy teenoor die persoon? **[50]**

**OF**

1.2

# Xenofobie

**('n haat vir mense van ander lande)**

Dit is 'n woord wat die gewone mense nie voorheen geken het nie. Verlede jaar het hierdie haat groot probleme veroorsaak.

Dink aan die volgende:

- Hoekom ervaar ons xenofobie tussen ons mense?
- Wie is die mense wat geaffekteer word?
- Wie is verantwoordelik vir die haat?
- Hoe kan 'n mens hierdie soort haat vermy? **[50]**

**OF**

1.3

**Dit is deesdae baie maklik om jou bestuurderslisensie te kry!**

Stem jy saam of nie?



[Aangepas uit: *Beeld*, 01-10-04] **[50]**

b.o.

**OF**

1.4



Om **'n tiener**

te wees...

Almal het vandag 'n mondvol om oor tieners te sê.

Gee jou mening oor jou generasie.

Dink aan die volgende:

- Die "lekker" van tienerwees.
- Probleme wat tieners ondervind.
- Hoe om 'n verantwoordelike tiener te wees.

**[50]**

**OF**

1.5

**SUID-AFRIKA**

... is **'n land met verskillende kulture, tradisies** en tale. Daar is nie plek vir al die verskillende nasies in ons land nie. Dit verdeel die mense in ons land.



Wat is jou opinie?

Dink aan die volgende:


- Die verskillende tale, kulture en tradisies.
- Sê hoe ons in harmonie kan saamleef.

**[50]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf enige opstel daaroor.
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1




[Uit: *Beeld*, 06-07-2007] **[50]**

**OF**


1.6.2



[Uit: *WegSleep*, Nov.-Des. 2008] **[50]**

**OF**

1.6.3




[Uit: *Beeld*, 04-07-2007] **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50**

**EN**

AFDELING B**: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
  (Die formaat van die skryfstuk is nie by die getal woorde ingesluit nie.)

2.1 **VERSLAG**



Julle het as 'n groep gr.12-leerders vir 'n naweek op 'n bergklimtoer gegaan.

Een van jou maats is ernstig beseer toe hy van die berg afgeval het.

Skryf 'n **verslag** vir die skoolhoof van die ongeluk.

[Foto uit: *Weg*, Februarie, 2007] **[30]**

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Jy is uitgenooi na ŉ 21ste verjaarsdagpartytjie. Jou ouers hou glad nie van die ouer persoon met wie jy saamgaan na die partytjie toe nie.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou ouers waarin jy hulle mooi vra waarom jy nie saam met die persoon mag gaan nie. **[30]**

**OF**

2.3 **BROSJURE**

Teken die pamflet oor in jou antwoordeboek en voer die opdrag uit.

**VOORKANT VAN DIE PAMFLET**

Jy is die bestuurder van ŉ pragtige vakansieplek.

Stel ŉ **pamflet** saam waarin jy mense vertel wat hierdie vakansieplek alles aanbied.

**AGTERKANT VAN DIE PAMFLET**

Dink aan die volgende:

- Waar is die vakansieplek?
- Hoe lyk die vakansiehuise?
- Watter soort diere kan jy hier sien?
- Watter aktiwiteite is daar vir die gesin?
- Watter fasiliteite kry ŉ mens by hierdie vakansieplek?
- Hoe goedkoop of duur is die plek?

**[30]**

**OF**

2.4 **RESENSIE**

Jy het die openingsaand (premiere) van ŉ fliek van jou keuse bygewoon. Jy wil ander jongmense soos jy motiveer om na die fliek te gaan kyk.

Skryf ŉ **resensie** oor die fliek. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 30**

**EN**

## AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Voltooi die laaste drie dae voor die matriekafskeid in jou **dagboek.**

Dink aan die volgende:

- Jou keuse van klere vir die aand.
- Wat jy wil doen aan jou voorkoms.
- Die voertuig waarin jy by die funksie gaan aankom.
- Die spyskaart vir die funksie.
- Die partytjie na die matriekdans.

**[20]**

**OF**

3.2 **INSTRUKSIES**

Jou ouers wil weet hoe *mxit* werk. Skryf die **instruksies** (ten minste 10 volsinne) om te verduidelik hoe 'n mens *mxit* op jou selfoon gebruik. **[20]**

**OF**

3.3 **POSKAART**

Teken die poskaart oor in jou antwoordeboek en voer die opdrag uit.

Seël

Jou vriend of vriendin is in Londen. Hy/sy het na matriek 'n jaar afgeneem – 'n gapjaar – om in Londen te gaan werk.

Skryf 'n **poskaart** aan hom/haar en vertel van jou planne vir die toekoms.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: 100**

**EINDE**